\* Dit sal opgelet word dat in die hoofde van tabel XXXVII die term **kapitaalvorming** nou gebruik word in plaas van die term **belegging**. Die rede vir hierdie verandering is dat die term **belegging** vir die meeste mense die aankoop van effekte en ander finansiële bates aandui, terwyl die berekenings in tabel XXXVII betrekking het op die werklike uitgawes aan kapitaalgoedere, d.i., masjinerie, uitrusting, geboue en ander konstruksiewerke, en die waarde van die verandering in die fisiese omvang van die voorraad.

† 'n Bespreking van die hersiene inkom- en uitgawesyfers vir die tydperk 1946-52 sal in 'n toekomstige uitgawe van hierdie *Kwartaalblad* verskyn.

weergegee kan word. Die teenhanger van die inkomte verdien deur persone in hul hoedanigheid as verskaffers van produktiewe dienste word byvoorbeeld gevind in hul lopende uitgawe en besparing sodra hulle hul verdienste begin te bestee. Hierdie transaksies van die verbruikers, sake-ondernemings en owerheidsliggame, verskaf die basiese gegewens wat benodig word om die faktore wat die gang van die ekonomiese lewe bepaal, te verstaan. Dit is egter voor die handliggend dat vir analitiese doeleindes dit nodig is om al die besonderhede wat betrekking het op die werklike funksionering van die ekonomiese stelsel tot 'n hanteerbare minimum te beperk. 'n Standaard rekeningstelsel, bekend as **nasionale rekeninge**, is ontwerp met die doel om 'n opsomming, binne 'n kort bestek, te verskaf van die vernaamste inkomende uitgawegroothede van die ekonomiese stelsel as 'n geheel, sowel as vir sommige van die hoofsektore waarin die ekonomie verdeel kan word.

Daar is twee basiese aanwendingsmoontlikhede vir goedere en dienste wat voortgebring word in die produksieproses, nl. verbruik, d.i. dié deel van die finale produksie wat in die betrokke tydperk opgebruik word, en kapitaalvorming, d.i. dié deel van die finale produksie wat by die volk se tasbare kapitaalbates gevoeg word, en waaruit moontlike toekomstige voordele verwag kan word. By die opstelling van nasionale rekeninge word 'n verskil gemaak tussen lopende en kapitaaltransaksies van die verskillende ekonomiese eenhede of sektore, en 'n aparte rekening word opgestel vir laasgenoemde tipe transaksie.

'n Kort verduideliking van die belangrikste begrippe wat in die berekening van nasionale rekeningsyfers gebruik word, word hier gegee omdat dit mag bydra tot 'n beter begrip van die onderlinge verband tussen die belangrikste totale wat in die opsommingstabelle voorkom. Soos hierbo aangedui, word die proses van produksie of inkomeskepping, enersyds, en die verdeling van die inkomte, andersyds, in 'n nasionale rekeningestelsel weergegee. Gevolglik is begrippe nodig wat as maatstawwe van die volk se werksaamhede i.v.m. produksie en uitgawe, onderskeidelik, sal dien.

**Bruto Volksproduksie teen Markpryse** is die markwaarde van al die finale goedere en dienste geproduseer in 'n gegewe tydperk deur die volkshuishouding. Ons gebruik die woord „finale” in die uitdrukking „finale goedere en dienste” omdat nie alle goedere wat geproduseer is in die gegewe tydperk, ingesluit is in die bruto volksproduksie nie. **Intermediêre goedere**, d.i. grondstowwe en halfverwerkte goedere, wat deur sake-ondernemings en nie deur uiteindelijke verbruikers gekoop word nie, is uitgesluit, aangesien dit gebruik word in die produksie van finale produkte; byvoorbeeld, skoene is 'n finale produk, en sal ingesluit word by bruto



volksproduksie, maar nie die leer waarvan die skoene gemaak is nie.

Bruto volksproduksie dien as 'n maatstaf van die maksimum produksievermoë van 'n ekonomiese stelsel aangesien die waarde van die volksproduksie bereken word sonder om in aanmerking te neem dat 'n gedeelte van die totale produksie aangewend moet word vir die vervanging van kapitaalbates.

**Netto volksproduksie teen markpryse** dui dieselfde grootheid as die **netto volksinkome teen markpryse** aan, aangesien beide die **netto** produksie van die volk meet. Netto volksproduksie word afgelei van bruto volksproduksie deur laasgenoemde aan te suiwer vir waardeverminderingstoelaes, wat die koste wat van lopende inkomste afgetrek word as gevolg van slytasie en veroudering waaraan die vaste kapitaalbates wat in die produksieproses gebruik word in 'n gegewe tydperk onderhewig is, verteenwoordig.

**Netto volksproduksie of -inkome teen faktorkoste** verskil van die bogenoemde begrip as gevolg van die bestaan van indirekte belasting en subsidies wat 'n invloed het op die markpryse van goedere wat geproduseer is deur die produksiefaktore. Indirekte belasting, soos doean- en aksynsheffings, word nie ingesluit in die „faktorkoste” van die betrokke goedere nie, maar word bygetel wanneer die „markwaarde” van die goedere vasgestel word. Die teenoorgestelde geld in die geval van subsidies, wat geldelike bydraes van die regering aan sake-ondernemings is, met die doel om markpryse op 'n laer peil vas te pen as wat die geval sou gewees het indien die werklike koste van die produksiefaktore gebruik sou word om die markpryse te bepaal.

Wanneer die kort titel „volksinkome” gebruik word in die bespreking van die totale produksiesyfers, is die begrip waarna verwys word „netto volksinkome (of -produksie) teen faktorkoste.”

**Netto geografiese inkome teen faktorkoste**, wat ook „netto binnelandse produksie teen faktorkoste” genoem kan word, is die waarde van goedere en dienste teen faktorkoste wat toe te skrywe is aan al die produksiefaktore wat binne die huishoudelike gebied van 'n land werksaam is. Dit verskil van netto volksinkome (of -produksie) teen faktorkoste in die opsig dat laasgenoemde begrip nie netto faktorinkome verdien deur vreemde arbeid of -kapitaal in die huishoudelike gebied insluit nie, maar beperk is tot die inkome of produksie wat aan die permanente inwoners van 'n land toekom.

**Bruto volksuitgawe teen markpryse** word op dieselfde wyse gedefinieer as die bruto volksproduksie teen markpryse aangesien hierdie begrippe betrekking het op alternatiewe maniere om die opbrengs van goedere en dienste, geproduseer deur die volkshuishouding, te meet.

Die bruto volksproduksiebegrip laat die klem val op die produksie van die totale opbrengs, terwyl sy

teenhanger aan die uitgawe-kant aantoon hoe hierdie opbrengs van die hand gesit word.

Bruto volksuitgawe word verkry deur persoonlike verbruiksuitgawe, openbare verbruiksuitgawe, bruto kapitaalvorming en die oorskot of tekort in die lopende rekening van die betalingsbalans van die land, bymekaar te tel. Laasgenoemde pos is gelyk aan die netto uitvoer van goedere en dienste plus die netto faktorinkome van die buiteland ontvang. Die rede waarom die balans in lopende rekening 'n integrale deel van die bruto volksproduksie uitmaak, is dat die waarde van die goedere en dienste wat in 'n land verkoop word die waarde van ingevoerde goedere en dienste insluit, en tot hierdie mate het die uitgawe van die binnelandse kopers 'n verhoging van inkome in die buiteland tot gevolg. Om die volksuitgawe en volksproduksie dus te laat klop, moet die waarde van lopende invoere afgetrek word van die totale besteding van die land se inwoners. Die verkoop van die volk se produkte in die buiteland het op sy beurt weer 'n verhoging in inkomes in die binneland tot gevolg, en die waarde van die uitvoere moet dus bygetel word by die totale uitgawes van die land se inwoners.

## DIE NASIONALE REKENINGSTATISTIEK VAN DIE UNIE

Tabel XXXVIII wat die nasionale rekeningsyfers vir die Unie weergee, bestaan uit vyf sub-tabelle, genummer van A tot E. Hierdie sub-tabelle gee besonderhede met betrekking tot die volgende aspekte van die Unie se nasionale rekeninge:

Tabel A: Die afleiding van die bruto volksproduksie teen markpryse;

Tabel B: Volksproduksie en -uitgawe;

Tabel C: Private inkome en uitgawe;

Tabel D: Gekonsolideerde lopende rekening van —

(i) Openbare owerhede;

(ii) Bestaansbeveiligingsfondse;

Tabel E: Bruto besparing en kapitaalvorming.

Vir die doeleindes van die huidige berekenings word die ekonomie van die Unie in twee sektore verdeel, nl. privaat en openbaar, en aparte rekeninge word opgestel vir hul onderskeie inkome- en uitgawe-transaksies (sien sub-tabelle C en D).

Die volgende afdeling van hierdie artikel bevat 'n kort bespreking van die belangrikste kenmerke wat deur die nasionale rekeningsyfers van 1953 aan die lig gebring word.

## DIE UNIE SE NASIONALE REKENINGE VIR 1953

### NETTO VOLKSINKOME

Die reeks vir netto volksinkome teen faktorkoste [pos 1 (a) in tabel XXXVIII A] is, onderhewig aan sekere aansuiwerings, gebaseer op die geografiese inkomesyfers wat deur die Buro vir Sensus en



Statistiek gepubliseer word. Aangesien die inkomerekenings van die Buro betrekking het op jare geëindig 30 Junie, moes die syfers aangesuiwer word voordat hul in bogenoemde tabel, waarin al die syfers op kalenderjare betrekking het, ingesluit kon word. Die jongste gepubliseerde geografiese inkomesyfer is vir die jaar geëindig 30 Junie 1953, met die gevolg dat die inkomere vir die tweede helfte van 1953 geskat moes word om sodoende 'n syfer vir die kalenderjaar 1953 te kry. Weens die feit dat die inkomesyfer vir 1952-53 nou beskikbaar geword het, het dit moontlik geblyk om die volksinkomesyfer wat vir die kalenderjaar 1952 geskat was, te hersien.

Volgens die sensussyfers het geografiese inkomere, uitgedruk in heersende pryse, in 1952-53, vergeleke met 1951-52, sterk gestyg, naamlik van £1,272.8 miljoen tot £1,391.5 miljoen. Hierdie styging van £118.7 miljoen was omtrent gelyk aan die toename wat tussen 1949-50 en 1950-51 plaasgevind het. In 1951-52, egter, het die toename in geografiese inkomere net £38 miljoen beloop, hoofsaaklik as 'n gevolg van 'n afname in daardie jaar van £45.9 miljoen in die inkomere van die landbousektor, wat 'n na-oorlogse hoogtepunt van £220.3 miljoen in sy netto inkomere in 1950-51 bereik het. In 1952-53 het die boere weer 'n voorspoedige jaar beleef, aangesien hul inkomere met £40.6 miljoen toegeneem het, vergeleke met die vorige jaar. Die ander sektor wat die meeste bygedra het tot die toename in die geografiese inkomere in 1952-53 was private fabriekswese, wie se bydrae met byna £30 miljoen gestyg het. Aangesien die kleinhandelsprysindeks geen noemenswaardige styging van 1952 tot 1953 getoon het nie, het die reële inkomere van die Unie ook gedurende 1953 toegeneem, wat bevestig word deur die berekenings van die Buro vir Sensus en Statistiek wat toon dat die reële inkomere-indeks in 1952-53 119.4 beloop het, vergeleke met 117.0 in 1951-52 (basis: 1947-48=100).

#### BRUTO VOLKSPRODUKSIE EN BRUTO VOLKSUITGAWE

Bruto volksproduksie teen markpryse [pos 1 (e) in tabel XXXVIII A] wat verkry word deur waardeverminderingstoelaes en indirekte belasting by die netto volksinkomere teen faktorskoste te tel en subsidies af te trek, het in 1953 £1,563 miljoen beloop, vergeleke met £1,378 miljoen in 1952.

Die uitgawekant van tabel XXXVIII B gee 'n aanduiding van die verdeling van die Unie se bruto volksproduksie tussen die breë groepe van kopers van die verbruiks- en kapitaalgoedere wat in 1953 in die Unie beskikbaar was. Dit is interessant om daarop te let dat in 1953, vergeleke met 1952, die relatiewe styging in die aankoop van kapitaalgoedere in die Unie baie groter was as die styging in die geval van aankope van goedere en dienste bestem vir lopende verbruik. Die toename in die lopende uitgawes van persone en nie-winssoekende organisasies [pos 3 (a)] en die lopende uitgawe van openbare

owerhede en bestaansbeveiligingsfondse [pos 3 (b)] het 8 persent en 9 persent, onderskeidelik, bedra, maar in die geval van bruto kapitaalvorming [pos 3 (c)] was die styging 28 persent.

In 1953, soos in alle na-oorlogse jare, was die balans in lopende rekening 'n negatiewe bedrag en gevolglik word die bedrag van £71 miljoen vir hierdie pos met 'n minusteken aangetoon. Die ooreenstemmende tekort in 1952 het £74 miljoen beloop.\*

#### PRIVATE INKOME EN UITGAWE

Tabel XXXVIII C toon die inkomere- en uitgawetransaksies van die private sektor. Private inkomere, d.w.s. totale inkomere verkry uit werk en eiendom [pos 4 (a)] wat nie alleen die inkomere van persone nie, maar ook die onverdeelde winste van publieke maatskappye insluit, word verkry deur van die volksinkomere teen faktorskoste daardie deel van die volksinkomere wat nie aan die private sektor toekom nie, nl. die inkomere van owerheidsliggame verkry uit eiendom, af te trek. Afgesien van die inkomere verkry uit produksie, ontvang persone ook inkomere van owerheidsliggame in die vorm van oordrag-betalings, waarvoor geen lopende diens gelewer word nie [pos 4 (b)].

Die uitgawekant van die tabel (pos 5) onderskei tussen drie doeleindes waarvoor die private sektor sy inkomere kan gebruik, naamlik persoonlike verbruiksuitgawe [pos 5 (a)], belasting- en oordrag-betalings aan openbare owerhede [pos 5 (b) en (c)], en private besparing [pos 5 (d)], wat dié deel van private inkomere wat oorbly nadat goedere en dienste gekoop is en betalings aan die regering gemaak is, verteenwoordig. Laasgenoemde bestaan nie alleen uit die besparing van persone insluitende eienaars van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings nie, maar ook uit die besparing van organisasies wat as deel van die private sektor beskou word, naamlik private pensioen- en hulpfondse, private trustfondse en nie-winssoekende instellings wat individue bedien, en korporatiewe besparing.

Nieteenstaande die groot styging van £104 miljoen in die uitgawes op verbruikgoedere en dienste en direkte belasting gedurende die jaar 1953, het private besparing toegeneem van £109 miljoen in 1952 tot

\* Hier moet daarop gelet word dat die syfers, wat onder die hoof „balans in lopende rekening“ in tabel XXXVIII, pos 3 (d), verskyn, en in vorige uitgawes van die Kwartaalblad onder die hoof „netto oorsese lenings en verkoop van buitelandse bates“ getoon is, nie dieselfde is nie as die syfers vir die pos „balans in lopende rekening“ wat in die Unie se betalingsbalans verskyn (sien tabel XXXIX), aangesien die syfers in laasgenoemde tabel betrekking het op die Unie met insluiting van Suidwes-Afrika en die Protektorate, terwyl die pos „balans in lopende rekening“ in die nasionale rekeningtabel aangesuiwer is om Suidwes-Afrika uit te sluit. 'n Soortgelyke aansuiwering met betrekking tot die Protektorate kan, weens gebrek aan informasie, nie op die huidige stadium gemaak word nie.



£173 miljoen in 1953, as gevolg van 'n geskatte toename van £168 miljoen in totale private inkomste.

### DIE LOPENDE REKENING VAN OPENBARE OWERHEDE

Tabel XXXVIII D onderskei tussen die inkomste en uitgawe van (i) openbare owerhede nl. die Unie-regering, provinsiale administrasies en plaaslike besture en (ii) bestaansbeveiligingsfondse, waaronder die Werkloosheidsversekeringsfonds, die Ongevalfonds vir die Skadeloosstelling van Werksmense en die Silikoseraad ingesluit is.

Dit sal opgemerk word dat regeringsbesparing [pos 7 (e)] die rekordbedrag van £38 miljoen in 1953 beloop het, vergeleke met £23 miljoen in 1952, as gevolg van die Unie-regering se begrotingsbeleid wat daarop gemik was om aansienlike bydraes vanaf die inkomsterekening aan die leningsrekening oor te dra. Die gesamentlike oorskot van openbare owerhede en bestaansbeveiligingsfondse [poste 7 (e) en 9 (c)] het ooreenkomstig van £33 miljoen tot £48 miljoen toegeneem.

### BRUTO BESPARING EN KAPITAALVORMING

In tabel XXXVIII E word die vier verskillende bronne vir die finansiering van bruto binnelandse kapitaalvorming getoon, naamlik private besparing [pos 10 (a)], openbare besparing [poste 10 (b) en 10 (c)], waardeverminderingstoelaes [pos 10 (d)], en die buitelandse sektor [pos 10 (f)].

Bruto binnelandse kapitaalvorming (pos 11) het in 1953 £377 miljoen beloop, vergeleke met £294 miljoen in 1952, en as gevolg van 'n daling van £3 miljoen in die vloei van beleggingsfondse vanaf die buitelandse sektor, het die bydrae van binnelandse besparing tot die fondse wat beskikbaar is vir die finansiering van die program van binnelandse kapitaalvorming, 'n toename van £86 miljoen gedurende 1953 getoon.

### BRUTO EN NETTO BINNELANDSE KAPITAALVORMING

Die gewysigde tabel XXXVII, wat gedetailleerde inligting met betrekking tot binnelandse kapitaalvorming bevat, is verdeel in drie sub-tabelle. Sub-tabel A onderskei tussen bruto en netto kapitaalvorming, sub-tabel B gee 'n indeling van bruto kapitaalvorming volgens tipe van bate en sub-tabel C verskaf inligting omtrent die aandeel van openbare owerhede, openbare korporasies en private sake-ondernemings in totale kapitaalvorming.

Binnelandse kapitaalvorming verteenwoordig daardie deel van 'n land se lopende produksie en invoere wat gedurende enige spesifieke jaar nie verbruik word of uitgevoer word nie, maar wat opsy gesit word as toevoeging tot sy voorraad van kapitaalgoedere. Die bruto kapitaalvorming van die Unie het in 1953 £377 miljoen beloop en nadat

waardeverminderingstoelaes [pos 10 (c)] ten bedrae van £85 miljoen afgetrek is, word 'n syfer van £292 miljoen vir netto kapitaalvorming vir 1953 verkry.

'n Verdere punt wat met betrekking tot tabel XXXVII in sy huidige vorm genoem moet word, is dat aparte syfers vir kapitaalvorming nou vir openbare owerhede, openbare korporasies en private sake-ondernemings gegee word, terwyl in vorige uitgawes van die *Kwartaalblad* alleen 'n onderskeid gemaak was tussen openbare owerhede en private sake-ondernemings. Die organisasies wat ingesluit word onder die nuwe hoof **openbare korporasies** is Eskom, Yskor, Sasol, Randse Waterraad, Foskor, S.A.U.K., S.A. Reserwebank, Klipfontein Organiese Produkte en die Landbank, wat vroeër by die private sake-ondernemings in die kapitaalvormingstabel ingesluit was.

Sedert die ontstaan van Eskom in 1922 het openbare korporasies gaandeweg 'n al hoe belangriker rol in die ekonomie van die Unie gespeel. Alhoewel hulle onderhewig is aan sekere statutêre bepalinge, geniet hul 'n groot mate van onafhanklikheid wat die bestuur van hul sake betref. Anders as openbare korporasies, is sake-ondernemings van die regering soos die Poskantoor, S.A. Spoorweë en Hawens, die Staatsdrukkery, die S.A. Munt en die handelsdepartemente van plaaslike besture finansiële en administratiewe geïntegreer met die algemene regering, en word dus as poste 1 (a), 1 (b) en 3 (b) ingesluit onder die hoof „openbare owerhede” in tabel XXXVII C.

### BRUTO KAPITAALVORMING VOLGENS TIPE VAN BATE

'n Opsomming van die syfers met betrekking tot drie tipes van kapitaalbate word in Tabel XXXVII B gegee. Uitgawe aan bou- en konstruksiewerk (pos 1) het gedurende 1953 toegeneem met £16 miljoen tot 'n na-oorlogse hoogtepunt van £223 miljoen. Die waarde van masjinerie, installasie en uitrusting (pos 2) wat deur Suid-Afrikaanse sake-ondernemings aangekoop is, het ook in 1953 'n rekordbedrag van £184 miljoen beloop, sodat bruto vaste kapitaalvorming (poste 1 en 2) £407 miljoen, of 26 persent van die bruto volksproduksie in 1953 bedra het.

Die persentasie wat totale bruto kapitaalvorming van die bruto volksproduksie uitmaak is ietwat laer weens 'n afname van £30 miljoen in die derde onderdeel van kapitaalvorming, naamlik netto verandering in voorrade (pos 3), alhoewel hierdie afname in voorrade kleiner is as die daling van £66 miljoen wat in 1952 plaasgevind het.

Die reeks vir voorrade (pos 3) wat in tabel XXXVII gegee word verteenwoordig nie die veranderinge van jaar tot jaar in die boekwaardes van voorrade nie, maar die waarde van die verandering in die fisiese omvang van voorrade gehou deur sake-ondernemings, d.w.s. die verandering in boekwaarde aangesuiwer vir verandering in die Unie se



groothandelsprysindeks. Dit moet beklemtoon word dat in die geval van die Unie, soos ook in die meeste ander lande, die statistiese materiaal wat tans vir voorraadberekenings beskikbaar is, baie gebrekkig is, sodat die voorraadsyfers wat in hierdie tabel verskaf word alleen 'n algemene beeld van die toestand gee, en dus nie so noukeurig is as sommige van die ander berekenings wat in die tabel verskyn nie.

#### BRUTO KAPITAALVORMING VOLGENS TIPE VAN ORGANISASIE

Gedurende 1953 het aansienlike toenames plaasgevind in die kapitaaluitgawe van die drie hoofaankopers van kapitaalgoedere wat in tabel XXXVII C onderskei word. Openbare owerhede, d.w.s. die sentrale, provinsiale en plaaslike regerings, het £23 miljoen meer aan kapitaalwerke bestee en hulle totale uitgawe van £118 miljoen was byna een-derde van die totale kapitaalvorming van £377 miljoen. Sake-ondernemings van die regering was verantwoordelik vir die grootste gedeelte van die kapitaalvorming van openbare owerhede. Gedurende 1953, soos in alle na-oorlogse jare, was die S.A. Spoorweë en Hawens verreweg die grootste enkele koper van kapitaalgoedere in die land. Die rekordbedrag van £53 miljoen vir kapitaaluitgawe in 1953 was byna die helfte van dié van alle openbare owerhede, en een-sewende van die kapitaalvorming vir die Unie as 'n geheel. Dit het £17 miljoen bygedra tot die toename van £23 miljoen in die kapitaaluitgawe van openbare owerhede in 1953.

Openbare korporasies was in 1953 vir 'n kapitaaluitgawe van £45 miljoen verantwoordelik, wat 'n toename van £16 miljoen teenoor 1952 beteken. Eskom en Sasol het hoofsaaklik tot hierdie uitbreiding bygedra, maar aangesien albei hierdie organisasies, veral laasgenoemde, hul belangrikste verpligtings ten opsigte van kapitaaluitgawe alreeds nagekom het, is dit waarskynlik dat 'n afname in die kapitaaluitgawe van openbare korporasies in die nabye toekoms verwag kan word. Dit is alreeds die geval met Yskor.

'n Ontleding van die neigings in kapitaalvorming in die private sektor van die ekonomie gedurende 1953 dui aan dat die bedrywigheid in die boubedryf gehandhaaf is op die hoë peil wat in 1951 en 1952 waar te neem is en dieselfde geld vir die mynbou. Voorlopige skattings skyn ook op 'n toename in die kapitaaluitgawe van die boerderybedryfstak te dui, maar, soos hierbo gemeld, geld die opwaartse neiging in die uitgawe aan die meeste tipes van vaste kapitaaluitrusting nie in die geval van die voorrade van industriële en handelondernemings nie. Die Bank se maandelikse steekproefopname i.v.m. voorrade toon 'n afname van 7.5 persent in die boekwaarde van die voorrade gehou aan die end van 1953 in die geval van fabriekswese, en 4.3 persent in die geval van die handel.

#### SLOTOPMERKINGS

Die hoofpunte wat uit die bestudering van die Unie se nasionale rekeninge vir 1953 na vore kom, is die volgende:

1. 'n Merkbare styging het gedurende dié jaar in die Unie se volksinkome teen heersende pryse plaasgevind vergeleke met 'n baie kleiner werklike en relatiewe styging in die volksinkome vir 1952. Die Unie se pryspeil het nie baie in 1953 gestyg nie, sodat die toename in die volksinkome, teen heersende pryse, ook 'n aansienlike styging in die reële volksinkome tot gevolg gehad het.

2. Kapitaalvorming het in 1953 'n belangriker rol gespeel in die ekonomiese lewe van die land as in 1952. Aangesien die bydrae van die „buitelandse sektor,” naamlik netto buitelandse kapitaaltoevloei en die verkoop van goud en valutareserwes, omtrent dieselfde in 1952 as in 1953 was, moes binnelandse besparings aansienlik toeneem om die fondse wat nodig was vir die uitbreidings wat gedurende 1953 in die Unie se program van kapitaaluitgawe plaasgevind het, te kan voorsien.

D. G. Franzsen.